

EBW

Ekonomiese & Bestuurswetenskappe

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Jason Collins, *et al.*

GRAAD



9

KABV

3-in-1



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*



Graad 9 **EBW** 3-in-1 CAPS

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 9 EBW 3-in-1 studiegids maak uitdagende vakinhoud makliker verstaanbaar. Al drie EBW-modules word in praktiese, hanteerbare grootte onderwerpe opgebreek en op 'n gebruikervriendelike manier aangebied.

Die logiese benadering en duidelikheid van die notas lei die leerder deur elke inhoudsarea, met gegradeerde vrae en antwoorde met aantekeninge daarby, om deurlopende selfassessering te bied.

Sleutelkenmerke:

- Logiese, verduidelikende notas
- Leerdervriendelike diagramme
- Nuttige aktiwiteite en antwoorde
- Eksamenvraestel en -memo
- Fotokopieerbare templatboek

GRAAD

9

KABV

3-in-1

EBW

Ekonomiese & Bestuurswetenskappe

Jason Collins

met waardevolle insette deur Elmaree Eksteen

HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN

- 1 Omvattende Notas
- 2 Onderwerpgebaseerde Vrae
- 3 Volledige Oplossings

*Plus 'n **bonus** Eksamenvraestel en -memo*

Ingesluit 'n aparte
TEMPLAATBOEK
vir MODULE 1
FINANSIËLE
GELETTERDHEID

E-boek
beskikbaar



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*

INHOUD

Eksamen-assessering	i
---------------------------	---

MODULE 1: FINANSIËLE GELETTERDHEID

ONDERWERP 1: Kontantontvangstejoernaal (KOJ) & Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) – Eenmansaak	6
ONDERWERP 2: Oorboek van Kontantjoernale (KOJ & KBJ) na die Algemene Grootboek & Voorbereiding van 'n Proefbalans	15
ONDERWERP 3: Kredietverkope & werk met Debiteure	40
ONDERWERP 4: Oorboek na die Debiteuregrootboek (DG) & Algemene Grootboek (AG)	50
ONDERWERP 5: Krediet aankope & Die Krediteurejoernaal (KJ)	66
ONDERWERP 6: Oorboek na die Krediteuregrootboek (KG) & Algemene Grootboek (AG)	75
ONDERWERP 7: Optekening van Kontant- & Krediettransaksies in Kontant- & Kredietjoernale	88



MODULE 2: DIE EKONOMIE

ONDERWERP 1: Ekonomiese Stelsels	101
ONDERWERP 2: Die Ekonomiese Kringloop	109
ONDERWERP 3: Prysteorie	116
ONDERWERP 4: Vakbonde	124

MODULE 3: ENTREPRENEURSKAP

ONDERWERP 1: Sektore in die Ekonomie	128
ONDERWERP 2: Funksies van 'n Besigheid	133
ONDERWERP 3: Die Sakeplan	141

MODULE 1 ANTWOORDE

MODULE 2 ANTWOORDE

MODULE 3 ANTWOORDE

Eksamenvraestel

Eksamenmemo

VIND JOU PAD deur die 7 ONDERWERPE van MODULE 1 – FINANSIËLE GELETTERDHEID



2 BRON-DOKUMENTE

Ontleding van transaksies in brondokumente

KONTANT

- Kwitansies
- Depositostrokies
- Kasregisterrolle
- Tjeks

ONDERWERP 2

KREDIET

- Verkoopsfakture
- Aankoop-fakture
- Kredietnotas
- Debietnotas

ONDERWERP 3

3 JOERNALE

Organisering van transaksies in groepe:

KOJ DJ DAJ
KBJ KJ KAJ

Kontant of Krediet?

- KOJ – kwitansies, depositostrookies, kasregisterrolle
- KBJ – tjeks
- DJ – verkoopsfakture uitgereik
- KJ – aankoopfakture ontvang
- DAJ – verkope deur debiteure teruggestuur
- KAJ – aankope aan krediteure teruggestuur

ONDERWERPE 2, 3 & 5

Impak op $B = EB + L$

1 TRANSAKSIES

Kontant of Krediet?

KONTANT

- Kontantontvangste
- Tjekbetalings
- Kontantverkope

ONDERWERPE 1 - 2

KREDIET

- Kredietverkope
- Krediet aankope
- Debiteureafslag
- Krediteureafslag

ONDERWERPE 3 - 6

DIE REKENINGKUNDIGE SIKLUS

4 Oorboek van joernaalinskrywings in T-rekening
Algemene Grootboek, Debiteuregrootboek & Krediteuregrootboek

- Algemene Grootboek het **rekening** vir elke item, bv. Kapitaal, Bank, Verkope, Handelsvoorraad, ens.
- Debiteuregrootboek het **rekening** vir elke kredietkliënt/debiteur
- Krediteuregrootboek het **rekening** vir elke kredietverskaffer/krediteur

ONDERWERPE 2, 4, 6 & 7

5 PROEFBALANS

Opsomming van die Algemene Grootboek

- Totale debiete = Totale krediete
- Voorberei om na te gaan dat die totale debietinskrywings gelyk is aan die kredietinskrywings
- Verseker dat totale/saldo's korrek is voordat die finale rekening en finansiële state voorberei word

ONDERWERPE 2 & 7

Debite = Krediete?

6 FINANSIËLE STATE

Voorbereiding van IS en BS vanaf die Proefbalans om finansiële prestasie & finansiële posisie aan te dui

- Inkomtestaat (IS)
- Balansstaat (BS)
- Voorberei vanaf die Proefbalans om verslag te doen oor:
 - finansiële prestasie – Inkomtestaat
 - finansiële posisie – Balansstaat

EERS in Graad 10 - 12

VOORBEELD 4

VERVOLG

Handelsvoorraad verteenwoordig die **stoorkamer**.

Dt Handelsvoorraad B12 Kt									
2015 Junie	1	Saldo	b/d	6 450	2015 Junie	30	Koste van Verkope	DJ	2 300
							5		4


Dt Koste van Verkope N2 Kt									
2015 Junie	30	Handelsvoorraad	DJ	2 300					
		5		4					

4 Oorboek van Koste van Verkope vanaf die DJ

- Handelsvoorraad (bate) verminder omdat goedere wat R2 300 kos uit die stoorkamer verwyder is om teen 'n wins te verkoop.
- Die kosprys van hierdie goedere verminder die inkomste (Verkope) wat daarop verdien is met R2 300; Koste van Verkope (uitgawe) vermeerder dus.
- Die Handelsvoorraadrekening word dus met die bedrag van R2 300 gekrediteer omdat dit 'n bate verminder.

VOORBEELD NOTAS

VERVOLG



5 Dubbelinskrywing van Koste van Verkope in die Algemene Grootboek

Debiteer **Koste van verkope** (uitgawe)

Krediteer **Handelsvoorraad** (bate)

- Koste van Verkope (uitgawes) is meer, maar EB verminder aan die debietkant omdat die wins verminder.
- Handelsvoorraad (bate) verminder aan die kredietkant omdat ons minder voorraad het.
- Hierdie bate word 'n uitgawe wanneer dit opgebruik word in 'n transaksie. Uitgawes verminder altyd wins, wat EB laat verminder.



OORBOEK VANAF DIE DEBITEUREAFSLAGJOERNAAL (DAJ) NA DIE ALGEMENE GROOTBOEK (AG)

DAJ → AG

- Die Debiteureafslagjoernaal is vir die optekening van **terugsendings deur debiteure** aan die besigheid.
- Twee transaksies vind plaas wanneer debiteure goedere terugstuur:
 - die debiteur skuld **minder geld**
 - die besigheid het **meer voorraad**
- Die Debiteureafslagjoernaal het twee kolomme:
 - een kolom om die **verkoop te kanselleer**
 - een kolom om die **toename in voorraad op te teken**

Terugsending van **beskadigde goedere** (sien bl. 58.)



VOORBEELD 5

DEBITEUREAFSLAGJOERNAAL VAN EX AMPLE HANDELAARS VIR JUNIE 2015

DAJ

DOK	DAG	DEBITEURE	FOL	DEBITEURE-AFSLAG	KOSTE VAN VERKOPE
9	6	P. Moekoena	D3	140	70
10	18	V. Chase	D1	360	180
				1 500	250

Dt Debiteurekontrole B9 Kt									
2015 Junie	1	Saldo	a/b	6 450	2015 Junie	30	Debiteure-afslag	DAJ	500
	30	Verkope	DJ	4 600					1

Dt Debiteureafslag N3 Kt									
2015 Junie	30	Debiteure-kontrole	DAJ	1 500					

VOORBEELD 5

VERVOLG

Ons kan hierdie transaksie ook op die **Rekeningkundige Vergelykingstabel** ontleed:

$$B = EB + L$$

BATES		=	EIENAARSBELANG		+	LASTE	
EFFEK	REDE		EFFEK	REDE		EFFEK	REDE
1 + R890	Debiteure-kontrole vermeerder		+ R890	Verkope (inkomste) vermeerder		0	0
2 - R445	Handels-voorraad verminder		- R445	Koste van Verkope (uitgawes) vermeerder		0	0

EB **verminder** omdat 'n uitgawe (Koste van Verkope) **vermeerder** het.

- 1 ○ Bates vermeerder omdat die Debiteurekontrole vermeerder vanweë kredietverkope.
- 2 ○ Bates verminder omdat voorraad opgebruik word. Namate voorraad gebruik word om te verkoop, vermeerder die uitgawe (Koste van Verkope); dus verminder die Eienaarsbelang.



VOORBEELD 6

'n Debiteur, J. Johnson, stuur goedere terug wat aanvanklik vir R90 gekoop is, (kosprys R45).
Reik kredietnota 22 aan hom uit.


Daar is twee dubbelinskrywings vir hierdie transaksie:

- kansellering van die verkoop
- optekening van die ontvangs van die teruggestuurde voorraad

Ons **krediteer** hierdie rekening om aan te dui hierdie BATE **verminder**

Ons **debiteer** hierdie rekening om aan te dui hierdie **UITGAWE vermeerder**

Dt				Kt				Dt				Kt			
Debiteurekontrole								Debiteureafslag							
				Debiteure-afslag		90				Debiteure-kontrole		90			




Ons **debiteer** hierdie rekening om aan te dui hierdie BATE **vermeerder**

Ons **krediteer** hierdie rekening om aan te dui hierdie **UITGAWE verminder**

Dt		Handelsvoorraad		Kt
Koste van Verkope	45			

Dt		Koste van Verkope		Kt
		Handels-voorraad	45	



ONTHOU:

Uitgawes (debietsaldo) verminder eienaarsbelang (EB) en **inkomste** (kredietsaldo) vermeerder EB.





VOORBEELD 3

Reik tjek 99 vir R400 uit aan Johnson Verskaffers.

Die dubbelinskrywing vir hierdie transaksie:

- **DEBITEER Krediteurekontrole** (Las verminder) om te toon die bedrag verskuldig het verminder.
- **KREDITEER Bank** (Bate verminder) aangesien geld betaal is.



Ons **krediteer** hierdie rekening om aan te dui dat hierdie BATE **verminder**

Ons **debiteer** hierdie rekening om aan te dui dat hierdie LAS **verminder**

Dt	Bank	Kt	Dt	Krediteurekontrole	Kt
	Krediteurekontrole	400	Bank	400	

$$B = EB + L$$

Ontleed hierdie transaksie op die **Rekeningkundige Vergelykingstabel**:

BATES		=	EIENAARSBELANG		+	LASTE	
EFFEK	REDE		EFFEK	REDE		EFFEK	REDE
- R400	Bank verminder					- R400	Krediteurekontrole verminder

- **BATES:** Totale Bates verminder (- in BATESkolom) omdat geld uitbetaal is; Bank het dus verminder.
- **LASTE:** Totale Laste verminder (- in LASTE kolom) omdat minder geskuld word; Krediteurekontrole het dus verminder.



AKTIWITEIT 3



Ontleed die transaksies hieronder op die Rekeningkundige Vergelykingstabel.

Gebruik die formaat in die gegewe voorbeeld.


Antwoordblad op bl. 30 in Templaatboek

bv. Reik tjek 134 uit vir die aankoop van skryfbehoeftes, R150.

1. Koop goedere op krediet by Polonius Edms Bpk vir R1 950.
2. Stuur tjek vir R749 aan Titus Handelaars ter vereffening van die bedrag aan hulle verskuldig.
3. Ontvang faktuur 399 vir R500 van Caliban BK vir toerusting aangekoop.
4. Reik debietnota 23 vir R65 uit aan Polonius Edms Bpk vir goedere aan hulle teruggestuur
5. Koop skryfbehoeftes van Lear Bpk vir R250, ontvang hul faktuur 559.
6. Stuur tjek 99 vir R1 885 aan Polonius Edms Bpk ter vereffening van die bedrag aan hulle verskuldig.
7. Stuur defektiewe skryfbehoeftes terug aan Lear Bpk, reik debietnota 24 vir R25 uit.

ANTWOORDE op bl. A26





'N MARKEKONOMIE

In 'n mark ekonomie word die markkragte van **vraag** en **aanbod** toegelaat om die volgende te bepaal:

- **wat** geproduseer sal word
- **hoeveel** geproduseer sal word
- **hoe** dit geproduseer sal word
- **vir wie** dit geproduseer sal word



Privaat individue en maatskappye besit en beheer die **produksiefaktore**. Hulpbronne en produkte word op grond van vraag en aanbod verhandel.

- **GROND:** Privaat eiernaarskap van natuurlike hulpbronne.
- **ARBEID:** Mense vry om te werk waar hulle wil.
- **KAPITAAL:** Individue beheer kapitaalsoortvloei.
- **ENTREPRENEURSKAP:** Individue vry om hul eie besigheid te begin.

'N MARKEKONOMIE

VOORDELE 	NADELE 
○ Entrepreneurs is vry om hul eie ondernemings te begin en sodoende welvaart en 'n beter lewenstandaard te skep. ○ Kapitaal word gebruik om hierdie privaat ondernemings te begin. ○ Kapitaal word produktief gebruik in privaat besighede, want hulle is winsgedrewe. Hierdie 'dryfkrag' is die winsmotief. ○ Privaat ondernemings ding met mekaar mee en word dus gedwing om so produktief as moontlik te wees. Dit lei tot 'n meer effektiewe gebruik van hulpbronne.	○ Die vryemarkstelsel bevorder ekonomiese ongelikheid. Dié wat toegang tot kapitaal het, het 'n besliste voordeel en word ryk, terwyl ander arm bly. ○ Markte fokus meer op wins en minder op die welstand van die ekonomies kwesbare (m.a.w. werklose en afgetrede mense). ○ Die kragte van vraag en aanbod kan tot die uitbuiting van arbeid lei omdat werkers moontlik nie billike lone ontvang nie. ○ Nie-winsgewende goedere en dienste, soos gesondheidsorg en onderwys word nie verskaf nie.

AKTIWITEIT 1

VERVOLG



8. Lees die onderstaande artikel en kies die korrekte opsie tussen hakies (8.1 - 8.7) wat ekonomies sin maak.

STERK RAND IS 'N LAS, DEVALUASIE IS TE DUUR

Met die rand wat sterk vlakke handhaaf, is daar baie mense wat reken dat die geldeenheid gedevalueer behoort te word. Hoekom, watter uitwerking sal dit hê en hoe sou dit gedoen kon word?

Wisselkoerse dra by tot die bepaling van die prys en dus die mededingendheid van invoere en uitvoere.

In Suid-Afrika beteken 'n sterk rand dat invoere vir ons relatief (8.1 GOEDKOPER/DUURDER) is en goedere wat in Suid-Afrika geproduseer word, (8.2 GOEDKOPER/DUURDER) is vir buitelanders.

Wisselkoerse is eenvoudig net die prys van een item in terme van die ander en word vasgestel deur vraag en aanbod. R10 teen \$1 kan in rande uitgedruk word as \$0.10 teen R1. As die vraag na die rand toeneem, sal dit (8.3 MEER/MINDER) waardevol wees en daarom sal die prys (8.4 STYG/DAAL), gestel tot \$0.20 teen R1. Dit is die ekwivalent van R5 teen \$1. Die rand het dus geappresieer toe die vraag daarna toegeneem het.

Die onlangse wêreldresessie het veroorsaak dat Suid-Afrikaners finansiële in 'n swakker posisie is en hulle voer minder in. Hulle hou dus hul rande en verruil dit nie vir dollars om daarmee vir invoere te betaal nie. Die resessie het ook veroorsaak dat ontwikkelende lande hul rentekoerse verlaag het tot baie lae vlakke, ten einde mense aan te moedig om geld te leen en te bestee.


Baie mense is bekommerd oor hierdie appresiasie omdat dit vraag na Suid-Afrikaanse uitvoere (8.5 VERHOOG/VERLAAG) en plaaslike goedere relatief (8.6 DUURDER/GOEDKOPER) maak as buitelandse goedere, wat plaaslike firmas wat meeding met ingevoerde goedere benadeel, want ingevoerde goedere is nou (8.7 GOEDKOPER/DUURDER). Daar word dus 'n beroep gedoen op die Reserwebank om die rand te devalueer.

AKTIWITEIT 1

VERVOLG



9. Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg:




- 9.1 Wat is die naam van die punt waar die vraag- en aanbodkurwes ontmoet?
- 9.2 Wat kom voor by hierdie punt wanneer die prys bo R10 is?
- 9.3 Wat kom voor by hierdie punt wanneer die prys laer as R10 is?
- 9.4 Identifiseer die kurwe.
- 9.5 Identifiseer die kurwe.
- 9.6 Skryf die Wet van Vraag en Aanbod neer. Begin jou antwoord soos volg: "Die Wet van Vraag en Aanbod stel dat ..."
- 9.7 Noem TWEE komplementêre produkte.
- 9.8 Noem TWEE substituuatprodukte.

ANTWOORDE
op bl. A37

Bestuurstake


Alle bestuurders, afgesien van hul vlak, vervul sekere spesifieke bestuurstake. Hierdie bestuurstake word ook die **VIER BASIESE ELEMENTE VAN BESTUUR** genoem. Hulle kan onthou word deur die akroniem **BOLK**: Beplanning, Organisasie, Leierskap en Kontrole.



2 FINANSIËLE FUNKSIE

Soos die naam sê, het hierdie funksie te doen met die bestuur van geld in 'n besigheid. Dit is die verantwoordelikheid van die **Finansiële Afdeling**.

'N VOORBEELD VAN DIE FINANSIËLE FUNKSIE IN 'N BESIGHEID



Verantwoordelikhede van die Finansiële Funksie



- Opstel van 'n **kapitaalbegroting** om te bepaal hoeveel kapitaal benodig word en uit watter bronne dit bekom sal word.
- Opstel van 'n **kontantbegroting** om te verseker dat die besigheid likied bly. Dit beteken dat die besigheid genoeg kontant beskikbaar moet hê vir daaglikse/maandelikse behoeftes, bv. betaling van lone, salarisse, krediteure en diensverskaffers soos Telkom.
- Optekening van alle** finansiële inligting en **verslagdoening** van hierdie inligting aan die betrokke partye in die vorm van **finansiële state**.
- Ontwerp en implementering van **beheermaatreëls** om finansiële bates binne die besigheid te beveilig. Voorbeelde sluit in: gereelde voorraad-opnames, bateregisters, bywoningsregisters vir personeel, ens.

Risiko's en Uitdagings



- Diefstal** van kontant en ander bates van die besigheid. Sekuriteitsmaatreëls soos kluis en kameras kan help om diefstal te voorkom.
- Oninbare skulde** – versigtige keuring en bestuur van debiteure is noodsaaklik, want die risiko dat debiteure nie hul skuld betaal nie, is altyd daar.
- Veranderinge** in die **finansiële markte** is 'n voortdurende bedreiging vir die meeste besighede. Hierdie veranderinge sluit wisselkoers-fluktuasies en veranderinge in die rentekoers in.

AKTIWITEIT 5



KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN RHOMBUS KLEINHANDELAARS VIR NOVEMBER 2015

KBJ 5

DOK	DAG	BEGUNSTIGDE	FOL	BANK	HANDELS- VOORRAAD	KREDITEURE- KONTROLE	DIVERSE REKENINGE		
							BEDRAG	FOL	BESONDERHEDE
121	1	Triangle Handelaars		800	800				
122	8	Square Winkels		990		990			
123	15	Circle BK		225			225		Skryfbehoeftes
124	25	Triangle Handelaars		1 800		1 800			
				3 815	800	2 790	225		

AKTIWITEIT 6



KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN SODAKA WINKELS VIR JANUARIE 2015

KBJ 4

DOK	DAG	BEGUNSTIGDE	FOL	BANK	HANDELS- VOORRAAD	KREDITEURE- KONTROLE	DIVERSE REKENINGE		
							BEDRAG	FOL	BESONDERHEDE
130	1	Hurley Bpk		1 850		1 850			
131	10	Triton BK		850	850				
132	16	Prince Eiendomme		4 000			4 000		Huuruitgawe
133	20	Munisipaliteit		1 200			1 200		Eiendomsbelasting
134	31	Mondial Vervaardiging		6 160		6 160			
135		Kontant		9 600			9 600		Salarisse
				23 660	850	8 010	14 800		

$$1\,560 + 5\,000 - 400 = 6\,160$$

[illegible][illegible]

Huurinkomste						N8	Kt
Datum	Besonderhede	Fol	Bedrag	Datum	Besonderhede	Fol	Bedrag

[illegible]

ALGEMENE GROOTBOEK VAN SIHLE WINKELS

BALANSSTAATAFDELING

Kapitaal

Kapitaal				B1			
Dt							Kr
Datum	Besonderhede	Fol	Bedrag	Datum	Besonderhede	Fol	Bedrag

Grond en Geboue

Grond en Geboue						B2	Kl
Dt							
Datum	Besonderhede	Fol	Bedrag	Datum	Besonderhede	Fol	Bedrag

Voertuie

Dt				Voertuig				B3				Kl			
Datum		Besonderhede		Fol	Bedrag	Datum		Besonderhede		Fol	Bedrag				

Toerusting

Toerusting				B4				Kl	
Datum		Besonderhede	Fol	Bedrag	Datum		Besonderhede	Fol	Bedrag

Handelsvoorraad

Handelsvoorraad					B5				
Datum		Besonderhede	Fol	Bedrag	Datum		Besonderhede	Fol	Bedrag